

Fraai vetplante

Hierdie vetplantjies vereis geen verdere aandag nadat hulle geplant is nie. Maak kleintjies vir speldekussings of grotes as binneversiering





Plantjies A tot E

BENODIGDHEDE

- 15 cm oorskiet katoenmateriaal in verskillende skakerings van groen, bont en ander effekteure. Vilt is opsioneel.
- Stopsel.
- Potplanthouertjies (ongeveer 7 cm hoog en 8 cm in deursnee).
- Gips.
- Stokkies (ongeveer 10 cm lank en $\frac{1}{2}$ - 1 cm in deursnee).
- Stukkie karton.
- 'n Houer om gips in te meng.
- Gruisklippies vir versiering.
- Kleremaker-spelde vir 'dorings'.
- Basiese naaldwerktoerusting.

METODE

1. Vergroot na smaak en knip pante volgens diagramme.
2. Stik nate toe en stop op.
3. Ingewikkelder vertakkings kan met die hand toegewerk word.
4. Plaas stokkie in middel van opgestopte plantjie sodat minstens 5 cm aan onderkant uitsteek.
5. Trek bodem van potplanthouer op karton af. Sny effens kleiner uit en plaas op bodem van houer om te keer dat gips uitloop.
6. Maak gips aan soos op pakkie aangedui en vul potplanthouer $\frac{3}{4}$ met gips.
8. Plant stokkie in nat gips. Maak seker dat rafelrand aan onderkant van plantjie met gips bedek is.
9. Sprinkel gruisclippies oor nat gips sodat dit vassit.
10. Laat gips hard en droog word.
11. Steek spelde in om dorings te vorm.
12. 'n Viltblom of twee gee ekstra kleur.



Plantjie F met driehoekies


BENODIGDHEDE

- Soos vir ander plantjies asook polistireenbal, 8 cm in deursnee.

METODE

1. Knip kartonvierkante van 5 x 5 cm uit.
2. Knip 9 van bogenoemde uit liggroen of geel katoenstof, 8 groen en 35 van 'n donkerder groen skakering.
3. Vou en stryk al die blokkies twee maal diagonaal om driehoeke te vorm, behalwe een liggroen of geel blokkie.
4. Dié ongestrykte blokkie is die beginpunt en word plat op die bokant van die polistireenbal geplaas.
5. Rangskik gevoude driehoeke om die bal. Begin bo waar ongevoude lappie as basis dien. Die punte van driehoekies wys na bo en rafelrande na onder.

6. Werk al in die rondte en gebruik kopspele om driehoeke in posisie te hou. Probeer spelde so onsigbaar moontlik hou.
7. Die plantjie lyk die mooiste as die kleure van lig na donker skakeer. Begin met 4 geel driehoeke, steek spelde by onderste hoeke in, plaas nog 4 geel driehoeke in die spasies tussen die eerste vier. Speld nou groen driehoeke al in die rondte vas. Steek laastens die 35 donker-groen driehoeke vas om die bal te bedek.
8. 'n Druppeltjie koue lym onder elke 'blaar' versterk die plantjie, maar is opsioneel.
9. Giet nat gips in potplanthouer. Plant 'n skerp-gemaakte stokkie, punt na bo, in die nat gips. Daar moet minstens 3 cm uitsteek. Gooi nou die klippies op sodat dit in die gips kan vassit. Sodra die gips hard is, word die onderkant van die polistireenbal in die stokkie ingedruk.
10. Dié plantjie lyk beter sonder dorings.



Celia de Villiers het die vetplantjies gemaak, foto's Clifford Hansel

